**TYDSDUUR: 45 minute**

© Kopiereg





# Conquesta 2006

*(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)*
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika * Foon: (031) 764-1972
Faks: (031) 764-0074 * E:Pos adres: conquest@iafrica.com



## Sosiale Wetenskap – Graad 4

Welkom by Conquesta se Sosiale Wetenskap Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy ’n keuse maak. Daarna moet jy besluit watter een van die antwoorde mees korrek is, en die ooreenstemmende blokkie op die antwoordblad met ’n potloodkruisie merk. Wanneer jy die hele olimpiade voltooi het en die antwoorde gekontroleer het, moet jy die blokkies met ’n skerp, donker potlood inkleur.












Mense het baie veranderinge ondergaan en baie vaardighede oor die laaste 2,5 miljoen jaar ontwikkel.

Die illustrasies op bladsy 1 en 2 wys wanneer die eerste mense geleef het en wat hulle gedoen het. Die illustrasies begin met die eerste mense onder en beweeg na die mense wat omtrent 10 duisend jaar gelede geleef het.

Hoe weet ons dit? Spesiaal opgeleide mense vind fossiele. Die oudste fossiele is in die diepste rotslae en die nuweres bo.

**1. Wie het eerste vuur beheer?**
(a) Homo Habilis (b) Cro Magnon-mens
(c) Moderne mens (d) Eerste Homo Sapiens



**2. Wie was eerste om eenvoudige ruwe gereedskap te gebruik?**
(a) Homo habilis (b) Eerste Homo
(c) Homo erectus (d) Eerste Homo sapiens

**3. Wie was eerste om kunswerk te verrig?**
(a) Eerste Homo (b) Moderne mens
(c) Cro Magnon-mens (d) Neanderdalmens

**4. Wie was eerste om hulle dooies te begrawe?**
(a) Neanderdalmens (b) Cro Magnon-mens
(c) Moderne mens (d) Eerste Homo sapiens



**5. Wie was eerste om diere vir iets anders as kos te gebruik?**
(a) Neanderdalmens (b) Cro Magnon-mens
(c) Moderne mens (d) Eerste Homo sapiens

**6. 'n Naverwant aan die moderne mens, genaamd Homo erectus het in die ……**
(a) vroeë Steentydperk geleef en het saad geplant.
(b) vroeë Steentydperk geleef en het gejag.
(c) middel-Steentydperk geleef en het visgevang.
(d) vroeë Steentydperk geleef en het bolas gebruik.